

# STINKLUIS

## AANBEVEELDE PROTOKOL VIR DIE RISIKO BESTUUR VAN STINKLUIS (*Macchiademus diplopterus*) MET DIE OOG OP DIE BEPERKING VAN VRUGBESMETTINGS

### 1. Maatreëls op die plaas en omringende omgewing:

- Probeer graanproduksie naby boorde voorkom sover as moontlik. Indien nie moontlik nie – moet graan baie vroeg (groen) platgesny en/of geoes word om migrasie van stinkluis (SL) te voorkom wanneer graan droog raak.
- Monitor graanlande asook enige ander landerye waar baie grasplante voorkom vir die teenwoordigheid van SL. Migrasie vanaf oorsomering skuilplekke vind plaas tydens die winter waartydens gasheerplante gekoloniseer word vir voortplanting. In koue areas soos die Koue Bokkeveld word die migrasie dikwels so laat as Augustus/September eers waargeneem. Alle grasplante in areas soos boorde, padskouers, woonbuurte ensovoorts moet sover moontlik vernietig/beheer word.
- Monitering in teiken boorde moet minstens 4 weke voor die oes van die vroegste kultivars begin. Vir die doel word riffelkarton bande (soortgelyk aan die wat vir kalender monitering gebruik word) aanbeveel. Hierdie lokvalle moet buite om die boorde geplaas word en weekliks nagegaan word. Al die SL'e in die lokval moet getel en daarna verwyder word voordat die lokval weer in posisie geplaas word. Lokvalposises moet genommer word sodat rekordhouding van getalle ordelik kan geskied.
- Merk kratte van SL boorde duidelik op plase om apart te hanteer by pakhuis.
- Plukkratte by die laaiblad moet met hessian sakke bedek word om te voorkom dat SL klaar ge-oeste vrugte besmet.
- Hou laaiblaaie skoon en netjies – daar moet geen pakmateriaal, ou kratte of onnodige materiaal rondlê waar SL kan skuil nie.

### 2. Vervoer na Pakhuis:

- Alle vrugte moet van die plaas na die pakstoor vervoer word in 'tautliners' om te verseker dat krat/vrugkontaminasie nie tydens vervoer plaasvind nie.
- Vragmotors seile mag eers oopgemaak word by pakhuis by aflaai punt.

### 3. Maatreëls by die pakstoor en omringende omgewing:

- Monitor die voorkoms van SL in al vier windrigtings rondom die pakstore op soortgelyke wyse soos hierbo beskryf vir boorde. Verseker dat rekordhouding van weeklikse tellings ordelik geskied.
- Plaas riffelkarton stroke (3m<sup>2</sup>) teen mure van pakhuise en omringende geboue ten einde te dien as "mass trapping" lokvalle. Die idee is om hierdie valle so te plaas dat dit eerste in die pad van SL sal wees sodat hulle daar skuiling vind en nie na pakhuisdeure en vragmotors migreer nie. Die aantal valle moet na gelang van die tereinuitleg beplan word.
- Alle pakhuisopeninge moet met gordyne verskans word vir die hele duur van die granaatverpakkingsperiode.

- Vrugte van plase wat gemerk is met SL kratkaartjies word apart hanteer. Kratte word na ander pakhuis geneem en apart verpak en bemark om kontaminasie en afkeurings te voorkom.
- Sit riffelkarton onder die sorteertafels om enige vry bewegende SL op te vang en vervang dit weekliks.
- Alle pakmateriaal in die pakhuis moet toe wees. Dit geld ook vir die pakmateriaalstoor.